# MEDEDELINGS IN VERBAND MET DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Op 19 September 1969 is 'n geslaagde geskiedenis-konferensie onder beskerming van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika op Stellenbosch gehou. Die verskillende referate het ons onlangs eers bereik, vandaar dat nou eers, meer as 'n jaar later, enkele besonderhede daaroor meegedeel word. Dit het plaasgevind onder voorsitterskap van mnr. P. M. H. Calitz, voorsitter van die Kaaplandse afdeling van die Historiese Genootskap.

Van die openingsrede deur mnr. P. S. Meyer, hoof-beplanner van die Kaaplandse Onderwysdepartement, sowel as die eerste referaat oor *Aanbieding en probleme van die onderrig van Geskiedenis in die Laerskool* deur mnr. J. Fourie, vise-rektor van die Paarlse Opleidingskollege, het ons ongelukkig geen afskrifte ontvang nie.

Daarop het gevolg die referaat van mnr. J. Momberg, senior lektor in Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, oor *Literatuur en hulpmiddels by die aanbieding van Geskiedenis.* „Die probleem is nie dat daar te min literatuur is nie, maar eerder dat daar so baie is, en dat die versamel daarvan en die beheer daaroor al heelwat tyd en organisasievermoë vereis," aldus die spreker. Vir hom hang die waarde van 'n vak daarvan af of dit die leerling leer dink en hy meen dat Geskiedenis, indien op die regte wyse en met die regte hulpmiddels aangebied, uitstekend aan die vereiste beantwoord. Naas die handboek bepleit hy die „bronneboek" en die skepping van die regte atmosfeer deur middel van historiese voorwerpe, kaarte en so meer, wat deur die leerlinge self bymekaar gemaak en vervaardig moet word.

Dr. J. J. van Tonder kon die konferensie nie bywoon nie, maar het sy referaat op skrif gestel en wel onder die titel: *Geskiedenis staan by die wegswaaipaaie.* Hierin vestig hy weer die aandag op die dalende belangstelling vir die vak op skool. Hy bepleit dat „van owerheidsweë ernstige aandag aan die saak gegee word". Hy wys op die waarde van Geskiedenis: „Die vak bevorder vaderlandsliefde en roepingsbewustheid terwyl dit veral verdieping in die volkslewe moontlik maak."

Mnr. M. J. Olivier, rektor van die Opleidingskollege, Wellington, het 'n referaat gelewer oor *Geskiedenis in die laerskool as basis vir die senior Geskiedenis.* Sy uitgangspunt is dat Geskiedenis 'n belewenis vir die kind moet wees. „Die onderwyser wat vir die kind 'n beeld skep van die verlede, stel die kind in staat om die verlede te belewe . . . Wat jy belewe het, vergeet jy nie maklik nie." Hy pleit vervolgens dat die „verhaalelement" op laerskool nie verwaarloos moet word nie, dat feitekennis nie oorbeklemtoon moet word nie, dat toetse en eksamens so gestel moet word dat dit die denke prikkel en dat die geskiedenisbiblioteek 'n groter aandeel in die dosering van die vak moet kry.

Die voor-laaste referaat is gelewer deur mnr. E. H. W. Lategan, senior-geskiedenisonderwyser aan die Paul Roos-gimnasium, oor *Aanbieding, probleme en knelpunt van Geskiedenis in die Hoërskool.* Hy

benader o.a. die probleem van die seleksie van materiaal. Die handboek moet deur die onderwyser aangevul word want „dit is nie moontlik om sonder detail die Geskiedenis vir die kandidate te laat herleef nie." Hy gee praktiese wenke aan die hand hoe die bykomende besonderhede verkry moet word en bepleit veral selfwerksaamheid van die leerlinge. Ook is die spreker van mening dat „eietydse gebeure" telkens in die geskiedenisles betrek moet word.

Die konferensie is ten slotte afgesluit met 'n referaat oor *Die maatstawwe ter beoordeling van antwoordstelle in die vak Geskiedenis by die eindeksamen van die hoërskool* deur mnr. I. J. Viljoen, skoolhoof van Maitland-Hoër. Hy het wenke aan die hand gedoen wat hy „die afgelope 25 jaar met welslae in die praktyk beoefen het". Eerstens behandel hy die vereistes van die vraestel: dit moet op die leerplan en nie op 'n handboek gebaseer wees nie; dit moet die kandidate se kennis toets en hulle nie probeer vasvra nie. Verder gaan dit oor die nasien van die antwoorde, o.a. oor die mees voorkomende foute en die wyse waarop dit beoordeel moet word. Die referaat is toegelig met baie voorbeelde.

Oor die algemeen geoordeel moes die konferensie stimulerend ingewerk het by die leerkragte en hulle weer eens direk teenoor sekere aspekte van hulle vak gestel het.